Lente in Bediening en Teologie



LENTE-
konferensie

17 – 19 SEPTEMBER 2019

Hoe ons onthou, hoe ons vergeet.
Om verbeeldingryk te leef.

’n Vriendelike uitnodiging

- aan leraars en lidmate -

Hiermee word jy hartlik uitgenooi na Excelsus se veertiende Lentekonferensie, Lente in Bediening en Teologie.

Dié konferensie vind plaas vanaf **17-19 September 2019** by Universiteitsoord en die Universiteit van Pretoria.

Die tema vir 2019 is …

Hoe ons *onthou, hoe ons vergeet.*
***Om verbeeldingryk te leef*.**

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

Tydens drie oop sessies word die volgende onderwerpe hanteer:

- **How we remember, how we forget. To live imaginatively**.
  – Prof Thuli Madonsela
- **Die verlede in die hede: Kan ons anders onthou?**
  – Prof Christi van der Westhuizen
- **Jou huis is waar jou hart is: ’n Kerk vir almal wat daar wil wees.**
  – Mnr Gielie Hoffmann

Dinsdagmiddag is daar vyf groepsessies onder leiding van die Fakulteit Teologie en Religie (Universiteit van Pretoria). Verder is daar paralelle oggendsessies oor die 3 dae waar jy uit 5 temas ’n keuse kan maak, asook 2 namiddagsessies Woensdagmiddag waar jy uit 5 temas kan kies.

Teken die datum aan en maak seker dat jy so gou moontlik inskryf. Die inskrywingsfooi beloop R1 180-00 per persoon (R990-00 indien jou inskrywing en kursusfooi vóór 12 Augustus 2019 ontvang word). Emeriti en studente betaal slegs R650-00.

Die Lentekonferensie is deel van Excelsus se program vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO). Kursusgangers verwerf **30 VBO-punte**.

By Excelsus bou ons saam aan ’n kultuur van lewenslange leer!

Vriendelike groete
André Bartlett

PROGRAM

DINSDAG, 17 SEPTEMBER

08:00 – 09:00
Aankoms en registrasie
Universiteitsoord

09:00 – 09:30
Opening en verwelkoming
Dr André Bartlett

09:30 – 09:45
Verwelkomingswoord deur die Dekaan
Prof Jerry Pillay

09:45 – 11:00
Oop sessie 1
How we remember, how we forget. To live imaginatively.
Prof Thuli Madonsela

11:00 – 11:30
Tee/Koffie

11:30 – 12:45
Oggendkeusetemas (O)

12:45 – 13:45
Middagete

13:45 – 15:00
Namiddagkeusetemas (N1)

15:00 – 15:30
Tee/Koffie

15:30 – 16:45
Namiddagkeusetemas (N2)

Aand vry
Voorsien eie aandete

PROGRAM

WOENSDAG, 18 SEPTEMBER

Voorsien eie ontbyt

09:00 – 09:30
Liturgie en Woord

09:30 – 10:45
Oop sessie 2
Die verlede in die hede: Kan ons anders onthou?
Prof Christi van der Westhuizen

10:45 – 11:30
Tee/Koffie

11:30 – 12:45
Oggendkeusetemas (O)

12:45 – 13:45
Middagete

13:45 – 15:15
Namiddagkeusetemas (N3)

15:15 – 15:30
Tee/Koffie

15:30 – 17:00
Namiddagkeusetemas (N4)

Aand vry
Voorsien eie aandete

PROGRAM

DONDERDAG, 19 SEPTEMBER

Voorsien eie ontbyt

09:00 – 09:30
Liturgie en Woord

09:45 – 11:00
Oggendkeusetemas (O)

11:00 – 11:30
Tee/Koffie

11:30 – 12:45
Oop sessie 3
Jou huis is waar jou hart is: 'n Kerk vir almal wat daar wil wees.
Mnr Gielie Hoffmann

12:45 – 13:00
Afsluiting

13:00
Middagete en vertrek

OGGEND-KEUSETEMAS (O)

DIE VOLGENDE TEMAS WORD OOR DRIE DAE AANGEBIED
Kies een en dui ’n tweede keuse aan

O1
Leef saam met verlies en trauma.
Intensionele rou – ’n bediening van hoop.
– Dr Willem Boshoff

O2
Om genoeg te onthou en genoeg te vergeet:
Die geloofsenergie om met teenstrydigheid te leef.
– Dr Tanya van Wyk

O3
Leierskap in nuwe tye.
– Dr Roedolf Botha

O4
Engaging the imagination in prayer and liturgy.
– Dr Margaret Blackie

O5
Leef Jesus stylvol agterna.
– Dr Stephan Joubert

NAMIDDAGKEUSETEMAS (N1)

DIE VOLGENDE TEMAS WORD DINSDAG, 13:45 - 15:00 AANGEBIED.
Kies een en dui ook ‘n tweede keuse aan

N1.1
Vanuit die Nuwe Testament:
”Kyk Ek maak alles nuut: Openbaring en die koninkryk van God”.
– Dr Hanré Janse van Rensburg

N1.2
Vanuit die Dogmatiek en Christelike Etiek:
Verbeel(d) God! Oor die plek en rol van verbeelding in ons ervaring van God.
– Prof Danie Veldsman

N1.3
Vanuit die Praktiese Teologie: Ongekaart. Rituele roetemerkers vir ongekarteerde oorgange.
– Prof Cas Wepener en ds Anandie Greyling

N1.4
Vanuit die Godsdiens- en Sendingwetenskap: Geloofwaardig teenwoordigheid – verbeeldingryk gedink oor plek.
– Prof Nelus Niemandt

N1.5
Vanuit die Kerkgeskiedenis: Om te onthou of liewer te vergeet: Die Belydenisskrifte.
– Prof Johan van der Merwe
(Hierdie temas word in die volgende sessie herhaal)

NAMIDDAG-KEUSETEMAS (N2)

DIE VOLGENDE TEMAS WORD DINSDAG,
15:30 – 16:45 AANGEBIED
Kies een en dui ook 'n tweede keuse aan

(Hierdie temas is 'n herhaling van dié van die vorige sessie)

N2.1
Vanuit die Nuwe Testament:
"Kyk Ek maak alles nuut: Openbaring en die koninkryk van God".
– Dr Hanré Janse van Rensburg

N2.2
Vanuit die Dogmatiek en Christelike Etiek:
Verbeel(d) God! Oor die plek en rol van verbeelding in ons ervaring van God.
– Prof Danie Veldsman

N2.3
Vanuit die Praktiese Teologie: Ongekaart. Rituele roetemerkers vir ongekarteerde oorgange.
– Prof Cas Wepener en ds Anandie Greyling

N2.4
Vanuit die Godsdiens- en Sendingwetenskap:
Geloofwaardig teenwoordigheid – verbeeldingryk gedink oor plek.
– Prof Nelus Niemandt

N2.5
Vanuit die Kerkgeskiedenis: Om te onthou of liewer te vergeet: Die Belydenisskrifte.
– Prof Johan van der Merwe

NAMIDDAG-KEUSETEMAS (N3)

DIE VOLGENDE TEMAS WORD
WOENSDAG, 13:45 – 15:15 AANGEBIED

Kies een en dui ‘n tweede keuse aan

N3.1

Jeugbediening 101. Hoe om alles te vergeet wat jy weet.

– Ds Fouché de Wet

N3.2

Hersaamgestel, herdink, herleef. Help hersaamgestelde gesinne om nuut en helend te dink oor hulle nuwe toekoms saam.

– Dr Pieter Visser

N3.3

Kerk en Gemeenskapswerk.

– Di Jan Pretorius en Marinda van Niekerk

N3.4

Die Kerk en die Grondkwessie in Suid-Afrika. Grond as oplossing of probleem?

– Mnr Roland Henwood

N3.5

Die Polisiekarre en die Onpaar Sokkies.

– Past Ivor Swartz

(Hierdie temas word in die volgende sessie herhaal)

NAMIDDAG-KEUSETEMAS (N4)

DIE VOLGENDE TEMAS WORD WOENSDAG, 15:30 - 17:00 AANGEBIED

Kies een en dui ‘n tweede keuse aan

(Hierdie temas is ‘n herhaling van dié van die vorige sessie)

N4.1

Jeugbediening 101. Hoe om alles te vergeet wat jy weet.

– Ds Fouché de Wet

N4.2

Hersaamgestel, herdink, herleef. Help hersaamgestelde gesinne om nuut en helend te dink oor hulle nuwe toekoms saam.

– Dr Pieter Visser

N4.3

Kerk en Gemeenskapswerk.

– Di Jan Pretorius en Marinda van Niekerk

N4.4

Die Kerk en die Grondkwessie in Suid-Afrika. Grond as oplossing of probleem?

– Mnr Roland Henwood

N4.5

Die Polisiekarre en die Onpaar Sokkies.

– Past Ivor Swartz

OGGEND-KEUSETEMAS Uitgebrei

Die volgende temas word oor drie oggende ontwikkel. Jy bly dus vir die **drie oggende** in **dieselfde** tema-groep van jou keuse. Dui op die inskrywingsvorm jou eerste keuse aan, sowel as 'n tweede opsie indien jou eerste keuse om een of ander rede nie aangebied word nie.

Keusetema O1

Leef saam met verlies en trauma. Intensionele rou – 'n bediening van hoop.

Die skadukant van liefde, verknogtheid, verbondenheid aan iets of iemand, is die moontlikheid om verlies te beleef as jy dit kwyt raak. In enige gemeente is daar op enige gegewe tydstip mense wat verlies beleef. Die plaaslike gemeente sal goed doen om "verlies" doelbewus en deurlopend in gedagte te hou in 'n verskeidenheid van bedieninge. Gemeentes wat hulle mense help om sinvol te rou, is besig met 'n bediening van hoop!

***Leier**: Dr Willem Boshoff. Willem is 'n voltydse gemeente-predikant by die NG Gemeente Queenswood.*

Keusetema O2

Om genoeg te onthou en genoeg te vergeet: Die geloofsenergie om met teenstrydigheid te leef.

Die Griekse filosoof Sokrates het lank terug gesê, *'Wisest is he who knows that he does not know'*. Winnie-the-Pooh het 'n soortgelyke wysheid uitgeleef in sy eenvoudige aanpak van elke dag se uitdagings *('I am a Bear of Little Brain'*). Dit impliseer dat dit moontlik is vir twee teenoorstaande toestande of aspekte om tegelyk te kan funksioneer – trouens dat beide die 'weet' en die 'nie-weet' saam wysheid daarstel, en 'n vervulde lewe, in die aangesig van die lewe se uitdagings, moontlik maak.

Tydens die aanbiedings sal daar gefokus word op 'n spiritualiteit van teenstrydigheid: 'n spiritualiteit van eenvoud wat ons kan help om juis met kompleksiteit en teenstrydigheid saam te leef en 'n geestelike verwysingsraamwerk om die weet/nie-weet uitdagings van menswees en kerkwees aan te pak. Verskillende benaderings sal bespreek word en 'n paar gevalle waar ons spiritualiteit 'getoets' word, sal ook bespreek word, byvoorbeeld hoe ons hoop en geregtigheid verstaan in die aangesig van lyding en die dood.

***Leier**: Dr Tanya van Wyk. Tanya is Senior Lektor by die Departement Sistematiese en Historiese Teologie, Fakulteit Teologie en Religie, by die Universiteit van Pretoria. Haar fokusareas is Spiritualiteit, Trinitariese ekklesiologie, Politieke teologie en Etiek.*

Keusetema O3

Leierskap in nuwe tye.

Eenduisend-vyf-honderd predikante in die VSA verlaat die bediening tans elke maand! Die druk op geestelike leiers vandag is uiters groot. Die algemene gevoel by baie is dat die bediening hard is en dat nuwe benaderings ontbreek. Een van die redes is dat ons in VUCA tye leef. VUCA staan vir Volatile, Unpredictable, Complicated en Ambiguous. Die implikasie is onder andere dat ons bedien met ‘n gebrek aan fokus.

Tydens hierdie sessies op die Lentekonferensie gaan ons weer opnuut luister na God se stem tussen al die ander stemme. Met die regte bedieningsfokus kan ons baie tyd en energie spaar en boonop effektief wees deur ‘n betekenisvolle bediening te ontwikkel.

Leier**:** *Dr Roedolf Botha. Roedolf is gemeenteleier by Oosterlig Gemeente in Pretoria. Sy belangstellings is kerkplanting, leierskap, lees en navorsing asook life coaching. Hy spandeer egter ook een dag per week aan besigheid met konsultasiewerk om besighede te help met strategie, leierskap, coaching, opleiding en personeelbestuur.*
Terselftertyd werk hy ook vir Ekerk saam met Stephan Joubert. Saam bied hulle opleiding aan in die vorm van seminare, Bybelskole, toere en “learning communities”, vir kerk- en sakeleiers regoor Suid-Afrika.
In Mei 2016 het Roedolf ‘n Ph.D verwerf in Nuwe Testament by die Universiteit van Nijmegen (Radboud) in Nederland.

Keusetema O4

Engaging the imagination in prayer and liturgy.

The use of the imagination in prayer is one of the hallmarks of Ignatian spirituality. This workshop explores why this is an important faculty in developing meaningful relationship with God and with others. Ways in which that can be developed in both private prayer and in a liturgical setting will be explored.

Leier: *Prof Margaret Blackie. Margaret is a Senior Lecturer: Department of Chemistry and Polymer Science and Part Time lecturer in the Faculty of Theology at Stellenbosch University; Course coordinator for the two year spiritual direction program offered by the partnership of the Center for Christian Spirituality and the Andrew Murray Center.*

Keusetema O5

Leef Jesus stylvol agterna.

Jesus se styl is tydloos relevant. Dit is vars. Dit is kreatief. Jesus se volgelinge omhels dit. Dinamiese geloofsgemeenskappe beliggaam dit. Jesus se styl deurbreek godsdienstige skaakmat-situasies. Dit maak nuwe leierskap-roetes oop. Dit gee hoop.

Leier: *Dr Stephan Joubert. Stephan is tentmaker by NG Gemeente Pierre Van Ryneveld en Buitengewone Professor: Eietydse Ekklesiologie by die Universiteit van die Vrystaat.*

NAMIDDAG-KEUSETEMAS (N1) EN (N2)
Uitgebrei

Die volgende temas word Dinsdag (13:45 – 15:00) aangebied en in die volgende sessie (15:30 – 16:45) **herhaal**. Dui jou keuse op die inskrywingsvorm aan. Dui ook 'n alternatiewe opsie aan indien jou eerste keuse om een of ander rede nie aangebied word nie.

Keusetema N1.1 en N2.1

Vanuit die Nuwe Testament: "Kyk Ek maak alles nuut: Openbaring en die koninkryk van God" .

Wanneer Jesus met sy koms die koninkryk van God naby bring, en met sy opstanding en hemelvaart dit vestig en aan ons oorhandig, bevind ons onsself midde in 'n radikale en verbeeldingryke nuwe lewe. En, wanneer ons sukkel om onsself voluit in hierdie nuwe lewe te vind en uit te leef, is Openbaring daar om ons te heroriënteer. Om ons te herinner: vergeet om God te vergeet, en onthou om te onthou.

Leier: *Dr Hanré Janse van Rensburg. Hanré is Senior Lektor in die Departement Nuwe Testament Studies, Fakulteit Teologie en Religie, aan die Universiteit van Pretoria. Haar spesialiteitsgebied is lyflikheid, ritueel, identiteit, en retoriese kultuur as loki van geloofservaring in apokaliptiese literatuur.*

Keusetema N1.2 en N2.2

Vanuit die Dogmatiek en Christelike Etiek:

Verbeel(d) God! Oor die plek en rol van verbeelding in ons ervaring van God.

Sonder verbeelding kan ons geloofsverhouding met God nie. In hierdie voordrag word vanuit evolusionêre perspektiewe gekyk na die onmisbare plek en betekenisgewende rol van verbeelding in ons geloofsverhouding met God.

***Leier*:** *Prof Danie Veldsman. Danie is 'n sistematiese teoloog en Hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek, Fakulteit Teologie en Religie, by die Universiteit van Pretoria. Benewens die hoofstroom van Reformatoriese teologie wat doseer word in die department, spits hy hom in sy eie navorsing toe op die her-konseptualisering van religieuse ervaring vanuit evolusionêre perspektiewe.*

Keusetema N1.3 en N2.3

Vanuit die Praktiese Teologie: Ongekaart. Rituele roetemerkers vir ongekarteerde oorgange.

Aanneming, Skoolverwisseling, Egskeiding, Geslagsverandering, Selfdegeslaghuwelike, Aftrede, Versoening, Rou op die Internet en meer.

In hierdie aanbieding word ‘n neutvars Bybelmedia publikasie wat oor ongekarteerde oorgange handel, bekend gestel en bespreek. Die samestellers sal teen die kontekstuele en teologiese agtergrond vir die behoefte/noodsaak van so ‘n bron enkele van die rituele roetemerkers eksemplaries op die tafel sit. Die aanbieders van die werkswinkel was die samestellers van die boek en ook mede-skrywers.

Leiers: *Prof Cas Wepener en ds Anandie Greyling. Cas is Professor en Hoof van die Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie en Religie, by die Universiteit van Pretoria. Anandie is predikant by die NG Gemeente Doornkloof en PhD-student in Liturgie.*

Keusetema N1.4 en N2.4

Vanuit die Godsdiens- en Sendingwetenskap:

Geloofwaardig teenwoordigheid -
verbeeldingryk gedink oor plek.

Hoewel ons bly- en leefplekke baie belangrik is en selfs ons lewensvreugde bepaal, is daar baie min teologiese werk gedoen oor plek. Dit is van kritiese belang omdat ons juis in tye van ontseteling leef en mense ontwortel voel.

Hierdie lesing gee aandag aan ’n teologie van plek met die klem op inkarnasie en kontekstualisering. Dit kyk na verskillende benadering tot ons bly- en leefplekke.

***Leier**: Prof Nelus Niemandt. Nelus is die Hoof van die Departement Religie, Missiologie en veral Missionale Ekklesiologie, Fakulteit Teologie en Religie, by die Universiteit van Pretoria.*

Keusetema N1.5 en N2.5

Vanuit die Kerkgeskiedenis: Om te onthou of liewer te vergeet: Die Belydenisskrifte

Kerke se verbondenheid aan die drie formuliere van eenheid verskaf die grense vir gereformeerd-wees. Moet ons dit in ‘n post-apartheid Suid-Afrika onthou of vra ‘n nuwe konteks dat ons dit liewer moet vergeet? Ons kyk krities na die rol en betekenis van die belydenisskrifte in ons dag.

***Leier**: Prof Johan van der Merwe. Johan is Dosent aan die Departement Historiese en Sistematiese Teologie, by die Fakulteit Teologie en Religie, aan die Universiteit van Pretoria. Sy spesialiteitsveld is kerkgeskiedenis van die 20ste eeu.*

NAMIDDAG-KEUSETEMAS (N3) EN (N4) Uitgebrei

Die volgende temas word Woensdag (13:45 – 15:15) aangebied en in die volgende sessie (15:30 – 17:00) **herhaal**. Dui jou keuse op die inskrywingsvorm aan. Dui ook 'n alternatiewe opsie aan indien jou eerste keuse om een of ander rede nie aangebied word nie.

Keusetema N3.1 en N4.1

Jeugbediening 101: Hoe om alles te vergeet wat jy weet.

Die landskap van jeugbediening het onherroeplik verander. Dit lyk of al minder van die gereedskap wat predikante in die bediening-*toolboks* bêre, deesdae werk op jongmense. Tog weet ons dat jongmense broodnodig is vir die kerk. Hoe moet ons hulle terugkry in die kerk? Die angs laat ons op ongemaklike plekke sweet. Hoe gemaak vorentoe? Kan ons dit regkry om met nuwe verbeelding te dink oor die plek van jongmense in die kerk en ons wêreld?

***Leier**: Ds Fouché de Wet. Fouché is die nasionale koördineerder van #Imagine, 'n interkerklike jeugorganisasie wat jongmense wil inspireer en aktiveer om Jesus te volg, brûe te bou en aktief in gemeenskappe saam met hul plaaslike kerk te werk. #Imagine betrek meer as 1400 kerke en gemeentes van 40 verskillende denominasies in 350 dorpe en stede in Suidelike Afrika.*

Keusetema N3.2 en N4.2

Hersaamgestel, herdink, herleef.

Help hersaamgestelde gesinne om nuut en helend te dink oor hulle nuwe toekoms saam.

Hersaamgestelde gesinne val soms vas as gevolg van 'n tekort aan gedeelde verhale. Verhale help ons om waardes te dra en met mekaar te deel. Ons kan daarom gesinne help om nuwe verhale te ontgin waarin hulle toekoms verhale en waardes van hoop dra.

***Leier**: Dr Pieter Visser. Pieter is gemeentepredikant by die NG Gemeente Wierdapark. Hy het sy doktorsgraad aan die NWU oor pastorale narratiewe begeleiding met voorhuwelikse paartjies en sy meestersgraad aan die UP oor narratiewe begeleiding met hersaamgestelde gesinne voltooi.*

.

Keusetema N3.3 en N4.3

Kerk en Gemeenskapswerk.

Ds Jan Pretorius se sessie handel oor die KERK EN GEMEENSKAPSWERK en sluit die volgende in:

1. Wat behoort ‘n Kerk se rol in die gemeenskap te wees t.o.v hulpverlening, versorging en opheffing?
2. Hoe raak ‘n Kerk prakties betrokke in sy gemeenskap?
3. Betrokkenheid deur ‘n NPO/ NPC.
4. Slaggate om te vermy in Kerk se betrokke wees.
5. Getuienis: Die NG Kerk Louis Trichardt Moedergemeente se betrokkenheid in die Gemeenskap van Louis Trichardt deur Bergcare.

Ds Marinda van der Westhuizen se tema is “Kerk en Gemeenskapswerk” of is dit dalk: Gemeenskapswerk is die kerk aan die werk...

Sy kan aan die hand van PEN en Pretoria Gemeente se verhaal, vanuit hierdie drasties-veranderende konteks, deel hoe die breër gesig van die kerk in die middestad lyk.

Leiers: *Di Jan Pretorius en Marinda van Niekerk. Jan is leraar van die NG Kerk Louis Trichardt Moedergemeente sedert 2006. Marinda is betrokke by PEN en Pretoria Gemeente.*

Keusetema N3.4 en N4.4

Die Kerk en die Grondkwessie in Suid-Afrika.

Grond as oplossing of probleem?

Grond is verhef tot ’n sentrale vraagstuk in die Suid-Afrikaanse politiek. Hierdie bespreking stel grond as simbool van Suid-Afrika se politieke en sosio-ekonomiese konteks. Grond word gesien as beide ’n kernprobleem en die uiteindelike oplossing vir die komplekse problematiek van Suid-Afrika. Grond versinnebeeld dus terselfdertyd die moontlikheid van vooruitgang en van ondergang. Is ’n realistiese bespreking en oplossing (nog) moontlik?

Leier: *Mnr Roland Henwood. Roland is Lektor in die Departement Politieke Wetenskappe by die Universiteit van Pretoria. Roland se akademiese werk fokus onder andere op die Suid-Afrikaanse politiek en beleidsproblematiek.*

Keusetema N3.5 en N4.5

Die Poliesiekarre en Onpaar Sokkies.

Die kerk van Christus was nog altyd bekend vir anders leef- uniek, maar nie eksklusief nie. Oor die jare het ons die leefstyle met mekaar verwar. Almal in ons kerke lyk soos mekaar, en ons leef in eggo-kamers. Ons beaam net die idees wat bevestig dit wat ons vertrou en kan glo. Toe Polisiekar begin musiek maak, het hulle vir 'n hele generasie amper toestemming gegee om die kerk soos hulle dit ken, te verlaat. Dis tyd vir die kerk om gekleurde onpaar sokkies aan te trek indien ons nie verder met ekslusiewe dikmonde wil sit oor "hoekom die land lyk soos hy lyk" nie.

Leier: *Past Ivor Swartz. Ivor is Jeug en Jong Volwassene Pastoor by St. Paul's United Kerk in Johannesburg.*

Posbus 12100 Hatfield 0028/excelsus@up.ac.za
Tel 012 420-6738/012 420 4441/012 420 2892

Excelsus
SENTRUM VIR
BEDIENINGSONTWIKKELING